# Ongeouditeerde gekonsolideerde resultate

## vir die ses maande geëindig 31 Desember 2010

excellerate

**EXCELLERATE HOLDINGS LIMITED** Registrasienommer 1997/009884/06 JSE-kode: EXL ISIN: ZAE000026092 (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) ("Excellerate" of "die Groep")

## HOOGTEPUNTE

- Inkomstegroei van 33,9% bo die vergelykende tydperk
- Toeskryfbare wins styg met 32,3% bo die vergelykende tydperk
- Kontant gegenereer uit bedrywighede styg met 334,0% bo die vergelykende tydperk

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die tydperk

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2010 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 R'000 | Geouditeer 12 maande geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| ***Voortgesette bedrywighede*** | | | |
| Inkomste | **484 940** | 362 189 | 685 273 |
| Bruto wins | **136 287** | 106 679 | 221 571 |
| **Wins voor netto finansieringskoste en belasting** | **46 942** | 31 602 | 57 842 |
| Netto finansieringskoste | **(8 109)** | (1 946) | (6 630) |
| **Wins voor belasting** | **38 833** | 29 656 | 51 212 |
| Belasting | **(11 172)** | (9 224) | (17 654) |
| **Wins en totale omvattende inkomste vir die tydperk uit voortgesette bedrywighede** | **27 661** | 20 432 | 33 558 |
| ***Beëindigde bedrywighede*** | | | |
| Verlies vir die tydperk uit beëindigde bedrywighede | **(1 918)** | (4 580) | (10 390) |
| **Wins en totale omvattende inkomste vir die tydperk** | **25 743** | 15 852 | 23 168 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | |
| **Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy** | **21 268** | 16 130 | 22 964 |
| **Nie-beherende belang** | **4 475** | (278) | 204 |
| | **25 743** | 15 852 | 23 168 |
| Uitgereikte aandele (000'e) | **218 350** | 217 864 | 217 864 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000'e) | **217 915** | 217 436 | 217 701 |
| Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele (000'e) | **221 553** | 220 744 | 221 016 |
| **Totale bedrywighede** | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | **9,8** | 7,4 | 10,5 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **10,3** | 7,4 | 10,8 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **9,6** | 7,3 | 10,4 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **10,1** | 7,3 | 10,6 |
| **Voortgesette bedrywighede** | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | **10,6** | 9,5 | 15,3 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **10,6** | 9,5 | 15,3 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **10,5** | 9,4 | 15,1 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **10,5** | 9,4 | 15,1 |
| **Beëindigde bedrywighede** | | | |
| Verdienste per aandeel (sent) | **(0,8)** | (2,1) | (4,8) |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **(0,3)** | (2,1) | (4,5) |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **(0,9)** | (2,1) | (4,7) |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **(0,4)** | (2,2) | (4,4) |
| **Rekonsiliasie tussen inkomste toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy en die wesensverdienste toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy:** | | | |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **21 268** | 16 130 | 22 964 |
| – waardedaling van ontasbare bates | **-** | – | 152 |
| – verlies met verkoop van sakeonderneming/filiaal | **1 500** | – | 621 |
| – netto verlies/(wins) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **8** | (28) | (331) |
| – belastinguitwerking van die aanpassings | **(422)** | 8 | 93 |
| **Wesensverdienste** | **22 354** | 16 110 | 23 499 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

op

| | **Ongeouditeer 31 Desember 2010 R'000** | Ongeouditeer 31 Desember 2009 R'000 | Geouditeer 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **315 133** | 180 801 | 194 602 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **78 125** | 68 912 | 74 672 |
| Ontasbare bates | **227 165** | 103 938 | 110 639 |
| Belegging in assosiaat | **631** | 1 773 | 631 |
| Rentedraende ontvangbare rekenings | **1 906** | 103 | 2 222 |
| Uitgesteldebelasting-bate | **7 306** | 6 075 | 6 438 |
| **Bedryfsbates** | **354 020** | 317 204 | 280 926 |
| Voorraad | **100 462** | 81 719 | 86 345 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **188 988** | 173 738 | 136 739 |
| Rentedraende ontvangbare rekenings | **5 044** | 4 297 | 2 604 |
| Belegging in assosiaat | **5 435** | 3 872 | 4 462 |
| Bedrae verskuldig deur gesamentlike-ondernemingsvennote | **10 247** | 18 670 | 11 478 |
| Belasting ontvangbaar | **7 539** | 8 697 | 8 031 |
| Ander finansiële bates | **56** | 642 | 79 |
| Kontant en kontantekwivalente | **36 249** | 25 569 | 31 188 |
| **Totale bates** | **669 153** | 498 005 | 475 528 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Ekwiteit en reserwes** | **266 215** | 212 094 | 219 350 |
| Aandelekapitaal | **2 184** | 2 179 | 2 179 |
| Aandelepremie | **65 169** | 64 937 | 64 939 |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **1 454** | 1 595 | 1 602 |
| Behoue verdienste | **171 267** | 142 676 | 149 851 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy | **240 074** | 211 387 | 218 571 |
| Nie-beherende belang | **26 141** | 707 | 779 |
| **Nie-bedryfslaste** | **132 694** | 32 240 | 27 827 |
| Rentedraende skuld | **125 120** | 25 130 | 20 897 |
| Uitgesteldebelasting-las | **7 574** | 7 110 | 6 930 |
| **Bedryfslaste** | **270 244** | 253 671 | 228 351 |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | **217 089** | 177 393 | 182 096 |
| Bedrae verskuldig aan gesamentlike-ondernemingsvennote | **13 681** | 15 114 | 8 868 |
| Belasting betaalbaar | **8 757** | 13 506 | 16 887 |
| Korttermyn gedeelte van rentedraende skuld | **22 668** | 7 419 | 12 401 |
| Ander finansiële instrumente | **-** | 50 | 132 |
| Aandeelhouers vir dividend | **147** | 6 | 147 |
| Bankoortrekkings | **-** | 27 205 | – |
| Verkopers vir verkrygings | **7 902** | 12 978 | 7 820 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **669 153** | 498 005 | 475 528 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **109,9** | 97,0 | 100,3 |
| Netto tasbarebate-waarde per aandeel (sent) | **8,0** | 50,7 | 51,9 |

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

vir die tydperk

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2010 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Desember 2009 R'000 | Geouditeer 12 maande geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(3 984)** | (10 779) | 44 880 |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **23 028** | 5 308 | 68 368 |
| Netto finansieringskoste | **(8 078)** | (1 972) | (6 634) |
| Dividende betaal | **-** | (7 594) | (6 315) |
| Belasting betaal | **(18 934)** | (6 521) | (10 539) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(100 926)** | (6 769) | (35 661) |
| Netto toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting | **(9 322)** | (6 583) | (19 293) |
| Toevoegings tot ontasbare bates | **(140)** | (186) | (2 718) |
| Kontantvloei met verkryging van sakeondernemings | **(91 086)** | – | (14 475) |
| Kontantvloei met verkoop van sakeonderneming | **(378)** | – | 825 |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **109 971** | (5 933) | 124 |
| Netto rentedraende skuld aangegaan | **109 348** | 419 | 4 168 |
| Netto toename/(afname) in bedrae verskuldig deur gesamentlikeondernemingsvennote en assosiate | **715** | (4 007) | (1 274) |
| Aandele teruggekoop | **-** | (10) | (10) |
| Verkoop van tesourie-aandele | **235** | 267 | 268 |
| Afname in rentedraende ontvangbare rekenings | **(327)** | (2 602) | (3 028) |
| **Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente** | **5 061** | (23 481) | 9 343 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk** | **31 188** | 21 845 | 21 845 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk** | **36 249** | (1 636) | 31 188 |

### VERKORTE SEGMENTELE VERSLAG

| | **Dienste R'000** | **Handel verspreiding R'000** | **Korporatief R'000** | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|
| **2010** | | | | |
| Inkomste (ekstern) | **258 522** | **237 303** | **567** | **496 392** |
| *Min:* Inkomste uit beëindigde bedrywigheid | **(11 452)** | | | **(11 452)** |
| | **247 070** | **237 303** | **567** | **484 940** |
| Inkomste (intern) | **22 463** | **512** | **3 984** | **26 959** |
| | **269 533** | **237 815** | **4 551** | **511 899** |
| Wins/(verlies) voor belasting | **32 554** | **14 472** | **(8 193)** | **38 833** |
| Beëindigde bedrywigheid (wins voor belasting) | **(2 664)** | **-** | **-** | **(2 664)** |
| 2009 | | | | |
| Inkomste (ekstern) | 170 953 | 198 226 | 1 392 | 370 571 |
| *Min:* Inkomste uit beëindigde bedrywigheid | (7 876) | (506) | | (8 382) |
| | 163 077 | 197 720 | 1 392 | 362 189 |
| Inkomste (intern) | 20 468 | 5 283 | 6 189 | 31 940 |
| | 183 545 | 203 003 | 7 581 | 394 129 |
| Wins/(verlies) voor belasting | 18 739 | 15 171 | (4 255) | 29 655 |
| Beëindigde bedrywigheid (wins voor belasting) | (1 197) | (5 164) | – | (6 361) |

### ALGEMENE OORSIG

Die raad van direkteure ("direksie") van Excellerate kondig met genoeë 'n grootliks verbeterde prestasie deur die Groep gedurende die ses maande geëindig Desember 2010 aan, met aansienlike toenames in inkomste en winsgewendheid en sterk kontantvloeibestuur. Die verbetering in winsgewendheid spruit hoofsaaklik uit voordelige verkrygings, verbeterde winsgewendheid in ons dienssegment en 'n verminderde impak van verliese uit beëindigde bedrywighede. Die onderliggende prestasie in ons handel-en-verspreidingssegment het ook verbeter maar is ongelukkig beïnvloed deur voorsienings teen lang uitstaande debiteure.

Die verkryging van 60% van JHI is op 14 September 2010 gefinaliseer en sy resultate is vanaf 1 Oktober 2010 gekonsolideer. Dit is besonder verblydend dat JHI se resultate tot op hierdie stadium ons voor-verkrygingsverwagtinge gemaklik oortref het.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Excellerate 'n beherende belang verkry in 'n nuwe onderneming genaamd Excellerate Commodities (Pty) Limited ("Excellerate Commodities'), 'n verkrygings- en logistiek-sakeonderneming wat in die behoefte aan kommoditeitevloei na en van ander Afrikalande voorsien. Hierdie belegging is deur die voorskieting van bedryfskapitaallenings moontlik gemaak. Excellerate Commodities is in September 2010 gestig en het 'n klein wins vir sy eerste handelstydperk opgelewer.

Met ingang van 24 November 2010 het Excellerate sy 50%-aandeel in Delawood Designs (Pty) Limited ("Delawood"), wat in die vorige finansiële jaar verliese gely het, verkoop. Gegewe die vooruitsig vir die bedryf is daar verwag dat Delawood in die afsienbare toekoms sou voortgaan om verliese by te dra. Die verlies uit bedrywighede vir die tydperk onder oorsig, en met verkoop, het R1,9 miljoen (2009: R0,9 miljoen) bedra.

Soos in die Groep se 2010 jaarverslag verklaar, het die bestuur voortgegaan om groeiplanne met betrekking tot uitgekontrakteerde dienste te dryf, met 'n sleutelfokus op eiendomsverwante dienste en verkrygings- en logistiekdienste.

Excellerate bly operasioneel en finansieel gesond en mits handelstoestande gunstig bly, is hy in 'n goeie posisie om voort te gaan om sy prestasie in die tweede helfte van die finansiële jaar te verbeter.

### FINANSIËLE OORSIG

Die hooftrekke van die Groep se finansiële prestasie vir die sesmaandetydperk geëindig Desember 2010 sluit in:

- Groepinkomste vir die tydperk het met 33,9% tot R484,9 miljoen (2009: R362,2 miljoen) toegeneem.
- Wins uit voortgesette bedrywighede voor rente en belasting het met 48,4% tot R46,9 miljoen (2009: R31,6 miljoen) gestyg.
- Ondanks verhoogde finansieringskoste, hoofsaaklik verbonde aan verkrygings- en uitbreidingsaktiwiteite, bly die rentedekking gemaklik op 5,8 keer.
- Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers was 32,3% hoër op R21,3 miljoen (2009: R16,1 miljoen).
- Verliese uit beëindigde bedrywighede het met 58,7% tot R1,9 miljoen (2009: R4,6 miljoen) gedaal.
- Kontant gegenereer uit bedrywighede het met 334,0% tot R23,0 miljoen (2009: R5,3 miljoen) toegeneem, wat weer eens die Groep se kontantgenereringsvermoë beklemtoon.
- Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk was R36,2 miljoen (2009: (R1,6 miljoen)).
- Wesensverdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel het met 39,2% tot 10,3 sent (2009: 7,4 sent) en met 38,4% tot 10,1 sent (2009: 7,3 sent) onderskeidelik toegeneem.
- Verdienste per aandeel en verwaterde verdienste per aandeel het met 32,4% tot 9,8 sent (2009: 7,4 sent) en met 31,5% tot 9,6 sent (2009: 7,3 sent) onderskeidelik toegeneem.

Gedurende die tydperk onder oorsig het kontantvloei gegenereer deur bedryfsaktiwiteite tot R23,0 miljoen (2009: R5,3 miljoen) verbeter ondanks die impak van R10,3 miljoen wat Excellerate Commodities as 'n beginsakeonderneming in bedryfskapitaal belê het. Netto kontantfinansieringskoste het tot R8,1 miljoen (2009: R2,0 miljoen) toegeneem, grootliks as gevolg van verkrygings- en uitbreidingsaktiwiteite. Kontantbelasting betaal het tot R18,9 miljoen (2009: R7,6 miljoen) toegeneem. Geen dividende is gedurende die tydperk betaal nie en gevolglik het die totale kontantvloeiverbruik uit bedryfsaktiwiteite vir die tydperk tot R4,0 miljoen van R10,8 miljoen afgeneem.

Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite het R100,9 miljoen (2009: R6,7 miljoen) bedra, wat 'n netto kontantuitvloei van R91,1 miljoen (2009: R0 miljoen) as gevolg van die verkryging van JHI, netto toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting van R9,3 miljoen (2009: R6,6 miljoen), en ander items van R0,5 miljoen (2009: R0,2 miljoen) insluit.

Netto kontant gegenereer uit finansieringsaktiwiteite vir die tydperk onder oorsig was R110,0 miljoen (2009: R5,9 miljoen), wat hoofsaaklik termynskuld aangegaan is om die verkryging van JHI en die aanvangsbelegging in Excellerate Commodities te befonds, insluit.

Soos verklaar in die aankondiging aan aandeelhouers met betrekking tot die JHI-transaksie, is die Groep se balansstaat aansienlik beïnvloed deur die verkryging en konsolidasie van die transaksie. Ontasbare bates van R117,8 miljoen wat met die transaksie verband hou, is in die gekonsolideerde balansstate gedra. Termynskuld aangegaan deur Excellerate om hierdie verkryging te befonds, word in die gekonsolideerde balansstaat op R28,7 miljoen gedra, terwyl termynskuld wat in JHI afgekamp en vir die doeleindes van die verkryging aangegaan is R74,3 miljoen bedra het.

### BEDRYFSOORSIG

**Handel-en-verspreidingssegment**

Inkomste in die handel-en-verspreidingssegment het met 20,0% tot R237,3 miljoen (2009: R197,7 miljoen) gegroei. Hierdie groei was grootliks die gevolg van die stigting van Excellerate Commodities, tesame met goeie inkomsteprestasies deur Foodserv en Nu Africa Comm Trading.

Dit is verblydend dat marges op sake-eenheidsvlak gehandhaaf is. Oorkoepelende marges in hierdie afdeling het egter gedaal as gevolg van die groei in laermarge-inkomste wat deur Nu Africa Comm Trading en Excellerate Commodities in ooreenstemming met hulle onderskeie sakemodelle gegenereer is.

Alhoewel oorhoofse kostes in die afdeling goed bestuur is, het bykomende eenmalige toenames in voorsienings teen lang uitstaande debiteure van R3,1 miljoen veroorsaak dat wins voor belasting vir hierdie afdeling met 4,6% tot R14,5 miljoen (2009: R15,2 miljoen) afgeneem het. Uitgesonderd die bykomende voorsiening vir twyfelagtige skuld het die afdeling se voortgesette wins voor belasting met 15,8% tot R17,6 miljoen toegeneem.

**Dienssegment**

Inkomste in die dienssegment het met 51,4% tot R247,0 miljoen (2009: R163,1 miljoen) gegroei, hoofsaaklik as gevolg van die insluiting van JHI in hierdie segment vanaf 1 Oktober 2010. Vital Fleet en Vital Distribution Services het ook goeie inkomstegroei ondervind, omdat hierdie maatskappye voortgegaan het om hulle verspreidingsvoetspoor uit te brei.

Marges in hierdie segment is egter grotendeels gehandhaaf ten spyte van verhoogde markdruk. Oorhoofse kostes is ook streng beheer.

Daar was 'n noemenswaardige uitsondering by Staffing Logistics waar markdruk en 'n laer vraag tot laer marges en winsgewendheid gelei het. Die bestuur het veranderings geïmplementeer wat na verwagting inkomste sal verbeter, oorhoofse koste sal verlaag, en vorige winsgewendheidsvlakke in die toekoms sal herstel. Die bestuur sal voortgaan om die voorgestelde veranderings aan relevante wetgewing noulettend te monitor en sal die sakemodel dienooreenkomstig aanpas in geval van enige beduidende veranderings.

Die segment se wins voor belasting het met 74,3% tot R32,6 miljoen (2009: R18,7 miljoen) toegeneem. Dit is egter belangrik om op te let dat die segment baat gevind het by die insluiting van JHI se resultate gedurende sy winsgewendste kwartaal in die kalenderjaar.

Die belegging in Delawood Designs is gedurende die tydperk onder oorsig verkoop en word gevolglik as 'n beëindigde bedrywigheid geopenbaar.

### VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS

Soos reeds genoem, is die verkryging van 60% van JHI geïmplementeer en vanaf 1 Oktober 2010 in die finansiële resultate gekonsolideer. Die res van die 40%-aandelebesit is deur die bestuur van JHI verkry. Om sy belegging te befonds, het Excellerate termynbefondsing van R30,0 miljoen aangegaan ooreenkomstig kommersiële bepalings wat normaalweg by so 'n transaksie gebruiklik is. Die saldo van die koopprys is befonds deur 'n inskrywing op aandele vir R20,0 miljoen deur die bestuur en senior termynlening van R76,6 miljoen wat direk deur JHI aangegaan is. Dit is in hierdie stadium weer eens aangenaam om te noem dat JHI se resultate vir die tydperk onder oorsig die voorverkrygingsverwagtinge gemaklik oortref het.

Voorbelasting-transaksiekoste wat aangegaan is om die JHI-transaksie te implementeer, het R1,0 miljoen bedra. Dit is in die huidige tydperk as onkoste gehanteer.

Ook gedurende die tydperk onder oorsig, en soos reeds in hierdie verslag genoem, het Excellerate 'n beherende belang verkry in 'n nuwe onderneming genaamd Excellerate Commodities (Pty) Limited, 'n verkrygings- en logistieksakeonderneming wat voorsien in die behoefte aan kommoditeitevloei na en van ander Afrikalande. Excellerate se voordelige aandelebesit in Excellerate Commodities beloop 46% en is deur die voorskieting van bedryfskapitaallenings van R14,7 miljoen moontlik gemaak. Hierdie bedryfskapitaallenings is deels befonds deur termynbefondsing van R10,0 miljoen wat aangegaan is ooreenkomstig kommersiële bepalings wat normaalweg by so 'n transaksie gebruiklik is, met die saldo wat uit kontantreserwes befonds is. Op die verslagdatum het Excellerate steeds 'n verpligting gehad om bedryfskapitaallenings van 'n verdere R3,1 miljoen aan Excellerate Commodities voor te skiet, welke verbintenis eweneens uit kontantreserwes befonds sal word.

Excellerate Commodities is in September 2010 gestig en het 'n klein wins vir sy eerste handelstydperk opgelewer.

Soos in die 2010 jaarverslag verklaar, het Excellerate en die bestuur van Delawood in Oktober 2010 besluit dat, as gevolg van hulle uiteenlopende strategiese en bedryfstrategieë, die bestuur Excellerate se 50%-aandeel in Delawood vir R3,0 miljoen sou herverkry. Op 24 November 2010 het die direksie die verkoop goedgekeur en die transaksie is geïmplementeer. Die verlies uit bedrywighede vir die tydperk onder oorsig, en met verkoop, het R1,9 miljoen (2009: R0,9 miljoen) bedra.

### VOORUITSIGTE

Nieteenstaande die aansienlike belegging in JHI sal die Groep voortgaan om geleenthede na te streef, óf deur verkryging óf deur organiese groei, om sy teenwoordigheid in die uitgekontrakteerdedienste-sektor uit te brei, veral op die gebied van verkrygings- en logistiekdienste en eiendomsverwante dienste. Daarteenoor assesseer die Groep beleggings wat tans nie die vereiste opbrengste vir aandeelhouers oplewer nie om die sake-modelle te regenieer of die beleggings ooreenkomstig gunstige bepalings van die hand te sit.

Die bestuur sal voortgaan om die kerndissiplines, te wete inkomstegroei, kontantbestuur en kostebekamping, te dryf.

### VERSLAGDOENINGSENTITEIT

Excellerate Holdings Limited is 'n maatskappy wat in Suid-Afrika gedomisilieer is. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state soos op en vir die tydperk geëindig 31 Desember 2010 behels die maatskappy, sy filiale, gesamentlike ondernemings en belang in assosiate.

### OPSTELLINGSGRONDSLAG

Hierdie verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Desember 2010 is in ooreenstemming met die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningskriteria van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die RE 500-standaarde soos deur die Rekeningkundigepraktyke-raad of sy opvolger uitgereik, Bylae 4 van die Maatskappywet, No. 61 van 1973 (soos gewysig), opgestel en voldoen aan die openbaarmakingsvereistes van IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is op die historiesekoste-grondslag opgestel.

Die rekeningkundige beleid wat by die opstelling van hierdie resultate gebruik word, stem ooreen met IFRS en strook in alle wesenlike opsigte met dié wat in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 gebruik is.

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state word in rand, tot die naaste duisend afgerond ('000), aangebied.

Die Groep se ouditeure het nie die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie op 31 Desember 2010 en die verwante verkorte staat van omvattende inkomste, staat van veranderings in ekwiteit en die kontantvloeistaat vir die ses maande wat op daardie datum geëindig het, nagesien of daaroor gerapporteer nie.

### LATERE GEBEURTENISSE

Daar was geen belangrike gebeurtenisse latere wat 'n wesenlike impak op die tussentydse finansiële state gehad het nie.

### HERKLASSIFIKASIE VAN VERGELYKENDE INLIGTING

Soos op 31 Desember 2009 is die Belegging in assosiaat, insluitend lenings aan die assosiaat ten bedrae van R5,6 miljoen, onder Nie-bedryfsbates geklassifiseer. Na die verslagdatum is die lening aan die Assosiaat geherassesseer en 'n lening korrek geklassifiseer as 'n Bedryfsbate. Die klassifikasie was geouditeer soos op 30 Junie 2010. Die R5,6 miljoen soos voorheen onder nie-bedryfsbates geklassifiseer is nou soos volg herklassifiseer:

| | R'm |
|---|---|
| Nie-bedryfsbates: | 1,8 |
| Bedryfsbates: | 3,8 |

### DIVIDEND

Soos in Junie 2010 gerapporteer, het die direksie dit verstandig geag om nie 'n dividend vir die volle jaar te verklaar nie en hom daartoe verbind om dié besluit in die tussentydse verslagstadium te hersien. Die direksie is steeds van mening dat, in die lig van uitstaande finansiële verbintenisse met betrekking tot die verkryging van Vital Distribution, Vital Fleet en Staffing Logistics, dit teenswoordig nie gepas sou wees om 'n tussentydse dividend te verklaar nie.

Vir en namens die direksie

**GG Hulley**
*Hoof Uitvoerende Beampte*

Sandton
23 Maart 2010

### VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | **Aandelekapitaal R'000** | **Aandelepremie R'000** | **Aandeelgebaseerde betalingsreserwe R'000** | **Behoue verdienste R'000** | **Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van moedermaatskappy R'000** | **Nie-beherende belang R'000** | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 30 Junie 2009** | 2 173 | 64 687 | 1 733 | 133 929 | 202 522 | 985 | 203 507 |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | | | | | | |
| Wins vir die tydperk | | | | 16 130 | 16 130 | (278) | 15 852 |
| **Transaksies met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | |
| Dividende verklaar | | | | (7 521) | (7 521) | | (7 521) |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | | | (138) | 138 | – | | – |
| Terugkoop van aandele | | (10) | | | (10) | | (10) |
| Verkoop van tesourieaandele | 6 | 260 | | | 266 | | 266 |
| **Saldo op 31 Desember 2009** | 2 179 | 64 937 | 1 595 | 142 676 | 211 387 | 707 | 212 094 |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | | | | | | |
| Wins vir die tydperk | | | | 7 182 | 7 182 | 72 | 7 254 |
| **Transaksies met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | |
| Verkoop van tesourieaandele | | 2 | | | 2 | | 2 |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | | | 7 | (7) | – | – | – |
| **Saldo op 30 Junie 2010** | **2 179** | **64 939** | **1 602** | **149 851** | **218 571** | **779** | **219 350** |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | | | | | | |
| Wins vir die tydperk | | | | **21 268** | **21 268** | **4 475** | **25 743** |
| **Transaksies met eienaars, direk in ekwiteit opgeteken** | | | | | | | |
| By verkryging van sakeonderneming ontstaan | | | | | | **20 887** | **20 887** |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | | | **(148)** | **148** | **-** | **-** | **-** |
| Verkoop van tesourieaandele | **5** | **230** | | | **235** | | **235** |
| **Saldo op 31 Desember 2010** | **2 184** | **65 169** | **1 454** | **171 267** | **240 074** | **26 141** | **266 215** |


**DIREKTEURE**

Gordon Hulley Hoof Uitvoerende Beampte
Athol Stewart Uitvoerende Direkteur
James Wellsted Uitvoerende Direkteur
Rudi Stumpf Nie-uitvoerende Direkteur
Clive Howell Nie-uitvoerende Direkteur (plaasvervanger vir Graham Davel)
Graham Davel Nie-uitvoerende Direkteur
Michael Mohohlo Nie-uitvoerende Direkteur
Arnold Meyer Nie-uitvoerende Direkteur

**AANDELEOORDRAGSEKRETARIS**

Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Tel: (+27 11) 370 5000
Faks: (+27 11) 688 7721

**MAATSKAPPYSEKRETARIS**

ER Goodman Secretarial Services BK
(verteenwoordig deur E Goodman)
2de Verdieping, Palm Grove, Grove City
Louis Bothalaan 196
Houghton
Tel: (+27 11) 728 0742
Faks: (+27 11) 728 4226
e-pos: ergoodmn@netactive.co.za

**GEREGISTREERDE KANTOOR**

1ste Verdieping
Atholl Square
Hoek van Katherinestraat en Wierdaweg-Oos
Sandown, 2196
Posbus 785448, Sandton, 2146
Tel: (+27 11) 523 2980
Faks: (+27 11) 523 2990
e-pos: info@excellerate.co.za

**OUDITEURE**

KPMG Geïnk.

**KORPORATIEWE ADVISEURS EN BORG**

One Capital

**SEKTOR**

Sikliese Dienste-sektor
Onder subsektor: Besigheidsteundienste

**BANKE**

Nedbank Beperk
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk
FirstRand Bank Beperk

**Webwerf: www.excellerate.co.za**


ince.motiv